Nuusbrief 172

19 April 2010

Beste Lid

NRVS-REGISTRASIE

Lede word daaraan herinner dat die bedryf op die NRVS-vergadering wat op 16 Februarie gehou is ingelig is dat die nuwe NRVS Regulasies vereis dat alle vervaardigers van produkte wat onderhewig is aan verpligte spesifikasies, by die NRVS moet registreer. Die registrasies kan slegs deur die vervaardigers self gedoen word en dit kan voltooi en ingedien word op die NRVS se webtuiste by www.nrcs.org.za. Lede wat nie toegang tot die internet het nie en ook nie vorms by die streekvergaderings geneem het nie kan, die NRVS direk kontak by 012 428 6723, of die SAWPA-kantoor, vir 'n afskrif van die registrasie vorm. Die NRVS aanvaar egter **nie** fakse of geskaneerde e-pos kopieë nie. Pos asseblief die voltooide vorms na NRCS Registrasies, Privaatsak X25, Brooklyn , 0075.

Let asseblief daarop dat die regsitrasieproses nie die aansoek om goedkeuring by die NRVS is nie (sien volgende artikel). Alle NRVS registrasies moet teen 30 Junie 2011 afgehandel wees.

AANSOEKE VIR GOEDKEURING BY DIE NRVS

SAWPA het kennis geneem dat die prosessering van die aansoeke om goedkeuring, wat reeds vroeg in 2010 begin is en waarvan die meerderheid lede hulle aansoeke deur SAWPA ingedien het, uiteindelik begin is. Ons vertrou dat lede binnekort hul geodkeuringsbriewe sal ontvang. Neem asseblief kennis dat daaar geen verwysingsnommers toegewys was aan die indienings nie, maar dat elke aansoek 'n getekende erkening van ontvangs deur Mnr Simon Odendaal ontvang het wat deur SAWPA aan lede elektronies aangestuur is.

VERBRUIKERSINLIGTING

Met die onlangse publikasie van die verbruikersbeskermingswetgewing het ons talle navrae gekry van lede oor die nodige inligting wat hulle as behandelaars aan die kopers en verbruikers van behandelde hout moet deurgee rakende die veiligheid en korrekte gebruik daarvan. Die onderwerp was by die onlangse Chemiese Forum en SAWPA Uitvoerende Bestuur vergaderings op die 7de April bespreek en daar is besluit dat daar aandag geskenk moet word aan die bestaande verbruikerveiligheidsinligtingblad soos op ons webtuiste beskikbaar, sowel as die opstel van 'n produkgebruiks inligtingblad wat die nodige inligting sal bevat waarmee lede hulle kliënte kan inlig.

Intussen stel ons voor dat lede gebruik maak van die "Consumer Safety Information Sheet" wat heel laaste op die SAWPA webblad voorkom (wat handel oor INFORMATION/TOPICAL & SAFETY ISSUES) (sien www.sawpa.org.za/topical.html)

SAWPA A1 GROTE PROMOSIE PLAKKAAT

4000 Kopieë van die onlangs geloodste A1 plakkaat was as insetsel in die Februarie weergawe van die Wood SA and Timber Times gesirkuleer. Kopieë was ook by die streekvergaderings beskikbaar gestel en die plakkaat was so goed ontvang dat een van ons lede reeds 100 afskrifte aangevra en uitgegee het aan handelaars waaraan hulle behandelde hout voorsien. Afskrifte is ook onlangs aan lede wat nie streekvergaderins kon bywoon nie, gestuur. Indien enige lid nog afskrifte wil bekom om aan handelaars en depots te voorsien, kontak gerus vir Sue sodat sy die nodige hoeveelheid kan pos. Die hoofdoel van die plakkaat is om kopers en verbruikers in te lig en op te voed oor die korrekte toepassing van behandelde hout. Belangstelling was ook getoon oor die moontlikheid van 'n kleiner A4 weergawe wat by verkoopspunte uitgedeel kan word en ons het reeds begin werk aan 'n gewysigde A4 weergawe (is in die proses om kwotasies te bekom vir die druk van sulke inligtingstukke.)

"HOUTBEHANDELING EN DIE WET" BROSJURE

Die "Houtbehandeling en die Wet" brosjure is onlangs gewysig om die verwysing na die vorige regulasies in die "Onbillike Besigheidspraktyk Wetgewing" te verwyder en die nuwe regulasies i.e. VC 9092, *Die Verpligte Spesifikasie vir Behandelde Hout* (onderhewig aan die Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies Wet), sowel as regulasie A 13 van die Bouregulasies, wat ook handel oor houtbehandeling, aan te spreek.

SAWPA het afskrifte van die brosjure op die 15de April aan alle lede gepos. Indien u meer afskrifte van die tweetalige brosjure verlang moet u asseblief vir Sue kontak.

Nuus Brokkies

- Besoeke aan die SAWPA webtuiste gedurende Maart was 16990.
- Ter inligting: Dr Harry Greaves, 'n hout produk konsultant en welbekende spesialis in die houtbehandelings bedryf in Australie het in 2003 'n "Relative lifetime risks" dokument saamgestel met data uit die VSA bekom (insluitend die gebruik van KCA behandelde hout vir dekke, handrelings en speelparke)

Activity	Risk Estimate
Risk of cancer from 1 light beer a day for 1 year	1 in 50,000
Risk of being struck by lightning	1 in 10,000
Risk of cancer from eating a peanut butter sandwich per day for 1 year	1 in 100,000
Risk of cancer death from smoking 1 pack/day for 30 years	1 in 10,000
Risk of death from an accident during 50 years of driving	1 in 100
Risk of dying from cancer	1 in 4
Estimated lifetime cancer risk from As at 3ppm in soil under playgrounds	1 in 105,000
Risk of skin cancer from playing in soil under decks	1 in 1,000,000
Lifetime cancer risk from airborne As emissions from a treatment plant	1 in 2,000,000
Lifetime bladder or lung cancer risk from daily intake of drinking water containing 3µg/L As – National Research Council	1 in 1000
Lifetime risk of cancer for a baby crawling on a deck - Maas	1 in 850
Lifetime bladder cancer risk from a playground – US CPSC	1 in 10,000
Lifetime lung cancer risk from a playground – US CPSC	1 in 500,000
Lifetime risk of cancer for an adult using a handrail – Maas	1 in 1275
Risk of death from cancer from 5 years exposure to soil containing 25ppm As beneath playgrounds equipment	1 in 1,000,000
Risk of injury requiring emergency room treatment to a child playing on playground equipment over a 5 year period	1 in 250
Risk of death from injury on playground equipment over a 5 year period	1 in 3,000,000
Risk of lung cancer from occupational exposure to CCA-treated timber wood dust, EU workers	4-6 in 10,000

Bron: Timber Preservers Association of Australia www.tpaa.com.au/ccarisks.htm

.

NUWE MINIMUM LONE VIR BOSBOU WERKERS EFFEKTIEF 1 APRIL 2011

Met Effek 1 April 2011 het die minimum toepaslike loon vir boskou werkers met 4.6% verhoog. Die verhoging, soos in die tabel hierna aangedui, is afgelei van die Januarie VPI syfer (uitsluitend eienaars ekwivalente huur), soos gepubliseer deur statistieke SA op 16 Februarie 2011, van 3.6% plus 1%.

Periode	Vorige 1/4/2010 - 1/3/2011	Nuwe Lone 1/4/2011 - 1/3/2012	Verhoging Rand
Per Maand	R 1 221.83	R 1 278.03	R 56.20
Per Week	R 281.98	R 294.95	R 12.97
Per Uur	R 6.26	R 6.55	R 0.29

Neem asseblief kennis dat 'n werkgewer 'n werker van 15 jaar en ouer, en wat 35 ure en minder per week werk, ten minste die nuwe uurlikse tarief van R6.55/uur moet betaal.

Bron: www.forestrysa.co.za

KANTOOR SLUITING

Neem asseblief kennis dat a.g.v. die vakansie dae, en die feit dat al die ander organisasies in die SAFCA gebou gesluit sal wees, sal SAWPA se kantore ook op die 26ste, 28ste en 29ste April gesluit wees.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige aanames wat in die nuusbrief gemaak word nie.